Publication: Sake (Rapport)
Date: 08 Jan 2017
Page: 16

# Ons is nou almal joernaliste en historici

Johan Fourie



**Insentiewe & dinge**

In my eerstejaarsklas vra ek soms dié vraag: "As jy in enige era kon leef, watter een sou jy kies?"

Meer as die helfte is gewoonlik gretig om, as hulle sou kon, in 'n tydmasjien te klim en die verlede in te boender.

Baie sou kies om in die 1960's te leef, die era van goeie musiek, van vrye denke, van vrye liefde (Woodstock!).

Ander verkies die laat 1800's, 'n tyd, vir hulle, van geld maak (diamante en goud) en vinnige vooruitgang (spoorweë en motors).

Die avontuurlustiges kies soms die 1700's, want soos een gesê het, tóé was daar nog so baie om te ontdek!

Maar so aanloklik soos dit is om die geskiedenis te verromantiseer, so gevaarlik is dit ook. As jy in die 1960's 'n tiener in Amerika was, is jy meer waarskynlik Viëtnam as Woodstock toe.

Die laat 1800's het geweldige vooruitgang meegebring, korrek, maar as jy in Transvaal of die Vrystaat gewoon het, was die kans baie goed, of jy nou wit of swart was, dat jy teen 1902 in 'n konsentrasiekamp sou beland het.

En hoewel die Suid-Afrika van die 1700's dalk "ongerep" vir Europeërs was (Europeërs, terloops, met 'n lewensverwagting van nie veel meer as 40 jaar nie), sou die Khoi-groep dalk nie saamgestem het oor hoe lekker dit was nie: Duisende mense het aan die pokke-epidemie van 1713 gesterf.

Lees gerus Dan Sleigh se nuutste historiese roman, *1795*, om 'n goeie idee te kry van die verskil in ons leefstyl en dié van die gemiddelde Kapenaar aan die einde van die 18de eeu.

Yaa Gyasi se *Homecoming* gee goeie voorbeelde van hoe baie die wêreld die afgelope twee eeue verander het is . Sy volg, in 'n merkwaardige debuutroman, die genealogie van twee halfsusters wat in die 18de eeu in Ghana gebore is. Een word na Amerika as slaaf verskeep en die ander bly agter. Elke hoofstuk handel oor 'n nuwe generasie, met die laaste hoofstuk se karakters wat vandag leef. Dit is 'n aangrypende verhaal.

Maar selfs teen die agtergrond van die geweldige ongeregtighede van slawerny en kolonisasie, is die verbeterende lewenstandaarde oor twee eeue duidelik. Die struwelinge van die hoofkarakters verander mettertyd van een van oorlewing in 'n strewe na 'n hoër lewenspeil - en dan in 'n soektog na identiteit.

Die punt is eenvoudig: As ons net materiële welvaart in ag neem, is daar nie 'n beter tyd om in te leef as nou nie. William Easterly van die Columbia-Universiteit in New York twiet vroeër die week dat die reële gemiddelde inkomste wêreldwyd in 2016 vier keer hoër was as in 1950.

Met ander woorde: Waar mense in 1950 een motor kon bekostig, kan hulle vandag vier koop. En dit is net die helfte van die storie: Die gehalte het merkwaardig verbeter. 'n Motor vandag is onvergelykbaar vinniger, sterker en veiliger as een van 1950.

Die rede is ongetwyfeld die voordele van innovasie gedryf deur die winsmotief. Ons ken dit as kapitalisme, maar dit is lankal meer nie net die akkumulasie van kapitaal nie. Dit is grotendeels toe te skryf aan die inspirasie, kreatiwiteit en deursettingsvermoë van uitvinders en entrepreneurs. Dink maar aan ouens soos Richard Branson, Bill Gates, Elon Musk en Sergey Brin, ouens wat met relatief min aanvangskapitaal begin het. Belangriker: Die welvaart is nie ten koste van iemand anders s'n opgebou nie. Dit was 'n wen-wen-situasie vir ons almal: Hul produkte het hulle - en die gemiddelde Jan Alleman - ryker gemaak.

Met die aanbreek van 'n era wat reeds beskryf word as die postwaarheid-era moet dié wat dus drome van die verlede as 'n wonderlike plek verkoop - "Make America Great Again" - se foute uitgewys word.

Met sosiale media is ons almal deesdae joernaliste. Ons moet let op ons bronne en onakkurate waninligting ignoreer of, beter nog, blokkeer.

Ons moet waak teen bevestigingsvooroordele (*confirmation biases*), waar ons bloot inligting lees en herpos van bronne wat ons eie menings bevestig. Daarom is ons ook almal geskiedkundiges. Ons moet die betroubaarheid van verskillende bronne kan weeg en die sterkeres kies.

As ons dit kan doen, vermoed ek, sal die opwaartse trajek van vooruitgang aanhou. Ons sal aanhou innoveer, aanhou ontwikkel, aanhou groei.

Maar indien ons onkrities omgaan met inligting, indien ons die moeilike vrae vermy, indien ons net een bron slaafs navolg - met ander woorde, indien ons swak joernaliste en geskiedkundiges is - is die kans van 'n ommekeer in ons opwaartse trajek groter.

■ **Johan Fourie is medeprofessor in ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch.**

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission